


Dag 1 – Die Skepping



Inleiding: Neem 'n kussingsloop en plaas verskillende items daarin wat dinge verteenwoordig wat God geskep het, bv: 'n appel, plastiekdiertjies, boomtak, ens. Gee die kinders geleentheid om sy/haar hand in die sak te steek en te raai wat hulle voel. Kinders kan nou ook ouers 'n beurt gee.

Woord: Genesis 1

Uit die Bybel@kinders

(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)

In die begin van die Bybel (Die Bybel@kinders - Gen 1:1,2) lees ons: “Heel aan die begin was net God daar. Toe het Hy die hemel en die aarde gemaak. Sommer net so, uit niks! Maar niemand kon nog op die aarde bly nie. Daar was net water op die aarde. Dit was baie donker. Nogtans was God daar, al het die aarde ook hoe woes gelyk! Toe het God alles begin maak.” Kom ons kyk watter geskenk het God vir ons gemaak. Dit het so gebeur: God het gesê: “Daar moet lig wees!” En die oomblik toe God dit gesê het, was daar lig. God het van die lig gehou. Daarom het Hy die lig en die donker van mekaar geskei. Die lig het Hy dag genoem en die donker het Hy nag genoem.

Tweede dag (Genesis 1:6-8) God het gesê: “Ek wil die hemel en die aarde van mekaar skei.” Partykeer kom daar mos water van bo af, dan reën dit. Partykeer borrel die water sommer so uit die grond uit. Dan is daar 'n fontein. Dit is God wat hierdie twee soorte water van mekaar geskei het. So het God die hemel daarbo en die aarde hieronder gemaak.

Derde dag (Genesis 1:9-13) Op die aarde was daar nog steeds net water. Daar was geen droë grond nie. Toe het God gesê: “Ek wil hê al die water op aarde moet op een plek bymekaar kom sodat daar ook droë grond kan wees.” Dit het dadelik gebeur. God het die droë grond land genoem. Die klomp water het Hy see genoem. Dit was vir God mooi dat daar 'n see en 'n land was.

Durbanville Gemeente - BYBELSTUDIE vir families

2 Toe het God gesê: “Nou kan daar allerhande plante groei. Plante soos gras, bosse wat sade gee en allerhande soorte bome.” Dit het toe ook gebeur. Allerhande plante het begin opkom. Die aarde was vir God mooi.

Vierde dag (Genesis 1:14-19) Toe het God gesê: “Daar moet ’n son, maan en sterre in die hemel wees. Hulle kan lig gee op die aarde. Dan kan ’n mens duidelik sien wanneer is dit dag en nag. Boonop help hulle om te weet wanneer is dit somer en winter.” God het toe die son gemaak. Dit gee in die dag lig. God het ook die maan en die sterre gemaak. Hulle gee in die nag lig. Die hemel was nou ook vir God mooi.

Vyfde dag (Genesis 1:20-23) Daarna het God gesê: “In die see moet daar baie soorte visse wees. Voëls moet oor die aarde vlieg.” God het groot seediere gemaak en somer baie soorte visse. Hy het ook verskillende soorte voëls gemaak. Alles wat Hy gemaak het, was vir Hom mooi. Hy het vir die voëls en die visse gesê: “Julle moet kleintjies kry en baie word. Daar moet somer baie visse in die see wees en baie soorte voëls op die land.” Hulle was vir Hom mooi en goed.

Sesde dag (Genesis 1:24-25) God het gesê: “Daar moet diere op die aarde wees, somer baie soorte. Diere soos insekte en mak diere en wilde diere.” God het al hierdie soorte diere gemaak. Hulle was vir Hom mooi.

Op die **Sewende dag** het God gerus.

Gesels as gesin oor die volgende vrae:

1. Hoe lank het dit God geneem om die aarde te maak?
2. Was die 7 dae so lank soos ons dae of was dit langer/korter?
3. Wat het God op elk van die 7 dae geskep?
4. Wat was die laaste ding wat God geskep het?
5. Wat het God op die 7de dag gedoen?
6. Rus ons ook op die 7de dag van die week?
7. Wat beteken dit om mooi na God se skepping te kyk?

Gebed

Baie dankie dat u vir ons 'n wonderlike wêreld gegee het om te geniet. Help ons om dit op te pas en te waardeer.

Speletjie

Raai die dier! Verduidelik aan die kinders dat Adam name aan al die diere wat God geskep het, moes gee. Vra hulle om dan die dier wat jy beskryf te raai, bv. "Ek dink aan 'n dier met vier bene en 'n stert wat kan blaf". Maak beurte om raaisels uit te dink.





Aktiwiteit


Skeppingsblokkie: Kopieer die patroon op bl 5 op karton. Kleur die prente in. Knip die vorm op die buitelyne uit. Gebruik 'n liniaal en agterkant van 'n stomp mes om die vou-lyne te keep. Vou die vorm sodat 'n blokkie gevorm word. Gom die flappies aan die binnekant vas. Gebruik hierdie blokkie om die kinders te help om te onthou wat God op watter dag geskep het.

Inkleurprent

Kopieer prent op bl 6.

Durbanville Gemeente - BYBELSTUDIE vir families





Genesis 1:31

Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.